


DONKERLIG
DARKLIGHT

## ALS VIR MY

Toe ons ontmoet, moet ek erken ek was, nogals skepties. Jy was jonk en ek so deurmkaar, my kop vol rympies. O, en nou's jy als vir my.

Ons pak ons eie padkos na die flieks; astro's, ghost pops & cream soda. Stadigaan het jy my mak gemaak soos Koos Kombuis sou se. O, en nou's jy als vir my.

Sonder jou is ek gebroke, ek kan nooit weer herstel. Sonder jou is ek verlore, ek word nooit weer getelEn as al my dae verder sonder jou moet wees.

Sal jy oorleef maar ek sal nooit.  Onthou jy nog ons eerste kunstefees, wat 'n fees was dit nie. Ek't jou rond-gedra, en jy vir my die heel mooiste meisiekind

O, en nou's jy als vir my.   Sonder jou is ek gebroke, ek kan nooit weer herstel. Sonder jou is ek verlore, ek word nooit weer getel

En as al my dae verder sonder jou moet wees. Sal jy oorleef maar ek sal nooit,  nooit, nooit oorleef
Ek dink weer aan die aande wat ons harte aan die brand slaan. En jy langs my in soete stilte aan die slaap raak selfs soeter as jou woorde:  "Ek't jou lief"